# Openbaring 15 en 16

Bybelstudie 13

1

| 204: Watter land het God aan die Israeliete beloof? | | | |
|---|---|---|---|
| Kanaän | Egipte | Gosen | Babel |

| 205: Wie het Paulus versoek om vir hom 'n gastekamer gereed te maak? | | | |
|---|---|---|---|
| Titus | Timoteus | Lukas | Filemon |

| 206: Wat het die volk van Israel gemaak terwyl Moses op die berg was? | | | |
|---|---|---|---|
| Silwer koei | Goue kalf | Goue standbeeld | Silwer muise |

| 207: In Israel, hoeveel getuies is (ten minste) nodig om 'n mens ter dood te veroordeel? | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 |

| 208: Hoeveel Psalms is daar? | | | |
|---|---|---|---|
| 120 | 140 | 150 | 160 |

| 209: Wie het Absolom vermoor? | | | |
|---|---|---|---|
| Dawid | Ussia | Abisai | Joab |

| 210: Wie was bekend daarvoor dat hy sy strydwa soos 'n besetene bestuur het? | | | |
|---|---|---|---|
| Agas | Jehu | Joram | Ahasia |

2

| 204: Watter land het God aan die Israeliete beloof? | | | |
|---|---|---|---|
| A: Genesis 17:8 | Egipte | Gosen | Babel |

| 205: Wie het Paulus versoek om vir hom 'n gastekamer gereed te maak? | | | |
|---|---|---|---|
| Titus | Timoteus | Lukas | D: Filemon 22 |

| 206: Wat het die volk van Israel gemaak terwyl Moses op die berg was? | | | |
|---|---|---|---|
| Silwer koei | B: Eksodus 32:4 | Goue standbeeld | Silwer muise |

| 207: In Israel, hoeveel getuies is (ten minste) nodig om 'n mens ter dood te veroordeel? | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | B: Deuteronomium 17:6 | 3 | 4 |

| 208: Hoeveel Psalms is daar? | | | |
|---|---|---|---|
| 120 | 140 | C: Algemeen | 160 |

| 209: Wie het Absolom vermoor? | | | |
|---|---|---|---|
| Dawid | Ussia | Abisai | D: 2 Samuel 18:14 |

| 210: Wie was bekend daarvoor dat hy sy strydwa soos 'n besetene bestuur het? | | | |
|---|---|---|---|
| Agas | Jehu | C: 2 Konings 9:20 | Ahasia |

3

## 1. Watter mense behaal die oorwinning oor die dier?

Die uitverkorenes – diegene wat deur Christus afgeoes is (Hoofstuk 14)

## 2. Hoekom moet die getal van die naam van die dier oorwin word?

2 En ek het iets soos 'n spieëlgladde see met vuur daarin gesien. Die mense wat die oorwinning behaal het oor die dier en sy beeld en die getal van sy naam, het by die spieëlgladde see gestaan met siters wat hulle van God gekry het

Openbaring 13:11 Toe het ek 'n ander dier gesien wat uit die aarde uit kom. Hy het twee horings gehad soos 'n lam s'n, maar hy het soos 'n draak gepraat. 12 Hy oefen al die gesag van die eerste dier namens hom uit.
Hy maak dat die aarde en die bewoners daarvan die eerste dier aanbid, dié een waarvan die dodelike wond genees het.
13 Hy doen groot tekens, sodat hy selfs vuur van die hemel af op die aarde laat kom vir die mense om te sien. 14 Aan hom is daar mag gegee om wondertekens namens die dier te doen, waardeur hy die bewoners van die aarde mislei. Hy sê die bewoners van die aarde ook aan om 'n beeld op te rig vir die dier wat die litteken van die slagmes het en wat weer lewend geword het. 15 Aan hom is daar ook mag gegee om asem in die dier se beeld te blaas, sodat die beeld kan praat en almal kan laat doodmaak wat nie die beeld aanbid nie.

Openbaring 13:18 Hier is wysheid nodig. Wie verstand het, kan die getal van die dier ontsyfer, want dit is 'n mens se getal. Sy getal is ses honderd ses en sestig.

Onheilige drie-tal: 6 + 6 + 6. 666. Elkeen is 6. Dus: onvolmaak.

4

## 3. Wat is die verband tussen Moses en die Lam?

Eksodus 15:1 Toe het Moses en die Israeliete die volgende lied tot eer van die Here gesing:
“Ek wil tot eer van die Here sing
omdat Hy hoog verhewe is.
Perd en strydwa
het Hy in die see geslinger.

Openbaring 5:9 Toe sing hulle 'n nuwe lied:
“U is waardig om die boek te neem en die seëls daarvan oop te maak omdat U geslag is en met u bloed mense vir God losgekoop het uit elke stam en taal en volk en nasie.

Christus is die waardige oorwinnaar!

5

## 4. Hoekom kom die plae uit die tempel?

Woonplek van God by die mense.

Deurgaans in Openbaring: 12 (stamme) + 12 (apostels) = kerk.

Kerk moet ook die dade van die onheilige drie-tal verdoem en uitroei.


## 5. Waarom word die mens verhinder om in die tempel in te gaan voor die oordeel verby is?

[7] Een van die vier lewende wesens het toe aan die sewe engele sewe goue bakke gegee, gevul met die toorn van God, van Hom wat tot in alle ewigheid lewe. [8] Die tempel het vol rook geword vanweë die heerlikheid en die mag van God, en niemand kon in die tempel ingaan voordat die sewe plae van die sewe engele hulle einde bereik het nie.

Toorn van God = dus: daar is nog dinge wat God vertoorn – nog besoedel.

6

7 Wat is die ooreenkoms tussen hierdie gedeelte en Openbaring 6 en 8?




7

7. Wie word geoordeel?

Aarde. Skepping. Dus: nie-uitverkorenes. Hoofkwartier: Babilon.

8. Beskryf WIE geoordeel word met die eerste plaag en waarom.

Mense wat die merk van die dier aan hulle het en wat sy beeld aanbid.

9. Beskryf WIE geoordeel word met die derde plaag en waarom.

Hulle het die bloed van die gelowiges en van die profete vergiet, en U het hulle self bloed laat drink. Dit het hulle verdien.

10. Beskryf WIE geoordeel word met die vierde plaag en waarom.

Hulle het die Naam gelaster van God wat die mag oor hierdie plae het. En hulle het hulle nie bekeer nie en aan Hom nie die eer gegee nie.

11. Wat is die opmerklike verskil tussen hierdie bakke/skale aan die een kant en die seëls en die trompette/basuine?

Daar was dit 'n persentasie ( ¼ of ⅓ ) – nou die totale en volkome vernietiging.

8

## 12. Kan die mens hom in die oordeel nog bekeer (vers 11)? Motiveer.

Net die uitverkorenes.

## 13. Waarom word die klem gelê op die konings uit die OOSTE?

Oos. Onthou dat Babel oos van Israel lê. Babel is simbool van die God-vyandige wêreld. Verder: konings regeer. Hulle inisieer en doen – in hierdie geval – dinge teen God en sy kerk.

## 14. Wat is die belang/betekenis van die KLERE (15)?

Klere bedek en beskerm – hier spesifiek reinheid.
Ook: klink klere is regverdige dade.
Dus: geseënd as jy jou nie met verkeerde dinge ophou nie.

## 15. Wat was die mense se reaksie op die oordeel van God?

En die mense het God gelaster oor die plaag van die hael, omdat die plaag verskriklik groot was.

9

## 16. Wat is die troos-boodskap van hierdie gedeelte?

In die finale oordeel moet die uitverkorenes besef:

- Hulle is deur Christus afgeoes. Hulle is veilig.
- Hulle het 'n verantwoordelikheid om nie kaal gevind te word nie.
- Hulle kan en mag God nie blameer (laster) as die mens gestraf word vir sy eie verkeerde keuses nie

10